



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

LANDBOU

(AERP 27)

Erkenning

Hierdie Standaard van AERP oor *Landbou* kom primêr uit die ekwivalente International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) wat deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gevestig en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Kopiereg © 2012 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde.

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard Van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktijk

Landbou

	Paragrafe
Inleiding	
Doelstelling	.01
Omvang	.02 - .06
Woordomsrywings	.07 - .10
Erkenning en meting	.11 - .35
Winste en verliese	.28 - .31
Onvermoë om billike waarde betroubaar te meet	.32 - .35
Openbaarmaking	.36 - .52
Algemeen	.36 - .49
Addisionele openbaarmakings vir biologiese bates waar billike waarde nie betroubaar gemeet kan word nie	.50 - .52
Oorgangsbepalings	.53 - .55
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.53
Wysigings aan die Standaarde van AERP	.54 - .55
Datum van inwerkingtrede	.56 - .57
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.56
Entiteite wat alreeds die Standaarde van AERP toepas	.57
Herroeping van die Standaard van AERP oor <i>Landbou</i> (2006)	.58
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Agriculture</i> (Desember 2009)	

LANDBOU

Hierdie Standaard is oorspronklik in Mei 2006 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit soos volg gewysig:

- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 21 *Verswakking van Niekontantgenererende Bates*
 - AERP 23 *Inkomste uit Nievalutatransaksies (Belasting en Oordragte)*
 - AERP 26 *Verswakking van Kontantgenererende Bates*
- Verbeteringe aan die Standaarde van AERP, in Maart 2012 deur die Raad uitgegee.
- Gevolglike wysigings ná die hersienings van AERP 100 *Beëindigde Bedrywighede* in 2013.
- Met gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 105 *Oordragte van Funksies Tussen Enteite Onder Gemeenskaplike Beheer*
 - AERP 106 *Oordragte van Funksies Tussen Enteite Nie Onder Gemeenskaplike Beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*

'n Gemerkte Engelse eksemplaar met die wysigings wat as deel van die jongste gevolglike wysigings aan AERP 27 aangebring is, is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare enteite;
- (c) handelsenteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse en ander enteite onder die eienaarskapsbeheer van die munisipaliteit; en

(f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigiens van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) uitgegee deur die International Accounting Standards Board goedgekeur om AERP te wees vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verwante verklaring wat in die toekoms uitgegee mag word, voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde word in daardie Standaarde duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP op *Landbou* word in paragraaf .01 tot .58 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstelling daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Verandering in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Oogmerk

- .01 Die oogmerk van hierdie Standaard is om die rekeningkundige behandeling en openbaarmakings vir 'n landbouaktiwiteit voor te skryf.

Omvang

- .02 'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas om die volgende rekeningkundig te verantwoord wanneer dit met landbouaktiwiteit verband hou:**

- (a) biologiese bates; en**
- (b) landbouprodukte op die punt waar dit geoes word.**

- .03 Hierdie Standaard is nie op die volgende van toepassing nie:

- (a) grond wat met landbouaktiwiteit verband hou (kyk die Standaarde van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* en *Beleggingseiendom*);
- (b) ontasbare bates wat met landbouaktiwiteit verband hou (kyk die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates*);
- (c) biologiese bates wat vir die voorsiening of verskaffing van goedere en/of dienste gehou word; en
- (d) die aanvanklike erkenning en aanvanklike meting van landbouaktiwiteit wat in 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer (kyk die Standaard van AERP oor *Oordragte van Funksies Tussen Entiteite Onder Gemeenskaplike Beheer*) of 'n samesmelting (kyk die Standaard van AERP oor *Samesmeltings*) verkry is.

- .04 Biologiese bates word in heelwat aktiwiteite gebruik wat deur openbaresektorentiteite onderneem word. Wanneer biologiese bates vir navorsing, onderwys, vervoer, vermaak, ontspanning, doeanebeheer of in enige ander aktiwiteite gebruik word soos in paragraaf .07 van hierdie Standaard omskryf word, word daardie biologiese bates nie in ooreenstemming met hierdie Standaard in rekening gebring nie. Waar daardie biologiese bates onder die omskrywing van 'n bate val, behoort ander Standaarde van AERP oorweeg te word om die toepaslike rekeningkunde te bepaal (bv. die Standaarde van AERP oor *Voorraad* en *Eiendom, Aanleg en Toerusting*).

- .05 Hierdie Standaard word op landbouprodukte toegepas, wat die geoeste produk van die entiteit se biologiese bates is, slegs op die punt waar dit geoes word. Daarna word die Standaard van AERP oor *Voorraad* of 'n ander toepaslike Standaard van AERP toegepas. Gevolglik handel hierdie Standaard nie oor die verwerking van

landbouprodukte ná oesinsameling nie; byvoorbeeld, die verwerking van duiwe tot wyn deur 'n wynmaker wat die duiwe gekweek het. Hoewel sodanige verwerking 'n logiese en natuurlike verlenging van landbouaktiwiteit is, en hoewel die gebeurtenisse wat plaasvind 'n ooreenkoms met biologiese transformasie kan toon, word sodanige verwerking nie in die omskrywing van landbouaktiwiteit in hierdie Standaard ingesluit nie.

- .06 Die tabel hieronder bied voorbeelde van biologiese bates, landbouprodukte en produkte wat die gevolg van verwerking ná oesinsameling is:

Biologiese bates	Landbouproduk	Produkte wat die gevolg van verwerking ná oesinsameling is
Skape	Wol	Garing, tapyt
Bome in 'n plantasie	Afgekapte bome	Stompe, hout
Plante	Katoen	Garing, klere
	Geoeste riet	Suiker
Melkbeeste	Melk	Kaas
Varke	Karkas	Wors, berookte ham
Bosse	Blaar	Tee, berookte tabak
Wingerde	Duiwe	Wyn
Vrugtebome	Vrugte wat gepluk is	Verwerkte vrugte

Woordomsrywings

- .07 Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:

Landbouaktiwiteit is die bestuur deur 'n entiteit van die biologiese transformasie en oes van biologiese bates vir:

- (i) **verkoop;**
- (ii) **verspreiding teen geen koste nie of teen 'n nominale koste; of**
- (iii) **omskepping in landbouprodukte of in bykomende biologiese bates vir**

verkoop of verspreiding teen geen koste nie, of teen 'n nominale koste.

Landbouproduk is die geoeste produk van die entiteit se biologiese bates.

'n Biologiese bate is 'n lewende dier of plant.

Biologiese transformasie behels die prosesse van groei, degenerasie, produksie en voortplanting wat kwalitatiewe of kwantitatiewe veranderinge in 'n biologiese bate teweeg bring.

Koste om te verkoop is die inkrementele koste wat regstreeks aan die vervreemding van 'n bate toegeskryf kan word, buiten finansieringskoste en inkomstebelasting. Vervreemding kan plaasvind deur verkoop of deur gratis verspreiding, of teen 'n nominale koste.

'n Groep biologiese bates is 'n versameling van soortgelyke lewende diere of plante.

Oes is die losmaak van 'n produk van 'n biologiese bate of die beëindiging van 'n biologiese bate se lewensprosesse.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis gebruik as in daardie ander Standaarde.

- .08 Landbouaktiwiteit dek 'n uiteenlopende verskeidenheid aktiwiteite; byvoorbeeld, die teel van lewende hawe, bosbou, jaarlikse of meerjarige verbouing, die aanplanting van wingerde en plantasies, blommekwekery en akwakultuur (met inbegrip van visboerdery). Sekere algemene kenmerke bestaan binne hierdie diversiteit:
- (a) *Vermoë om te verander.* Lewende diere en plante kan biologiese transformasie ondergaan.
 - (b) *Bestuur van verandering.* Bestuur bevorder biologiese transformasie deur toestande wat nodig is vir die prosesse om plaas te vind (byvoorbeeld, voedingstofvlakke, vogtigheid, temperatuur, vrugbaarheid en lig) te bevorder, of ten minste te stabiliseer. Sodanige bestuur onderskei landbouaktiwiteit van ander aktiwiteite, byvoorbeeld, die oes van onbestuurde bronne (soos seevisvang en ontbossing) is nie landbouaktiwiteit nie.
 - (c) *Meting van verandering.* Die verandering in kwaliteit (byvoorbeeld, genetiese meriete, digtheid, rypheid, vetdekking, proteïeninhoud en veselsterkte) of kwantiteit (byvoorbeeld, aantel, gewig, kubieke meter, vesellengte of -deursnee, en hoeveelheid botsels) wat deur biologiese transformasie of oes teweeggebring is, word gemeet en gemonitor as 'n roetine bestuursfunksie.
- .09 Biologiese transformasie het die volgende tipes uitkomste tot gevolg:
- (a) bateverandering deur (i) groei ('n toename in kwantiteit of verbetering in kwaliteit van 'n dier of plant), (ii) degenerasie ('n vermindering in die kwantiteit

of 'n verswakking van die kwaliteit van 'n dier of plant), of (iii) voortplanting (skepping van addisionele lewende diere of plante), of

(b) produksie van landbouproduk soos lateks, teeblare, wol en melk.

- .10 Die belangrikste kenmerk wat landbouaktiwiteite van ander verwante aktiwiteite onderskei, is die entiteit se bestuur van die biologiese transformasie. 'n Hulpbron kan deur die regering bestuur word deur die gebruik van meganismes soos lisensiëring en kwotas, maar dit het nie vanself tot gevolg dat die aktiwiteit as 'n landbouaktiwiteit ooreenkomstig hierdie Standaard geklassifiseer word nie.

Erkenning en meting

- .11 'n Entiteit moet 'n biologiese bate of landbouproduk erken indien, en slegs indien:**

- (a) die entiteit die bate as gevolg van gebeure in die verlede beheer;**
- (b) dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordeel of dienspotensiaal wat met die bate verband hou na die entiteit sal vloei;**
- (c) die billike waarde of koste van die bate betroubaar gemeet kan word.**

- .12 Die billike waarde van 'n bate is op sy huidige ligging en toestand gebaseer. Gevolglik is die billike waarde van beeste op 'n plaas byvoorbeeld die prys van die beeste op die betrokke mark minus die vervoer en ander koste daaraan verbonde om die beeste óf by die mark te kry, óf by die ligging vanwaar dit deur gratis verspreiding of teen 'n nominale koste versprei sal word.

- .13 In landbouaktiwiteit kan beheer byvoorbeeld bewys word deur wettige eienaarskap van beeste en deur die beeste by verkryging, geboorte of spening te brandmerk of andersins te merk. Die toekomstige voordele of dienspotensiaal word normaalweg deur die meting van beduidende fisiese eienskappe beraam.

- .14 'n Biologiese bate moet by aanvanklike erkenning en op elke verslagdoeningsdatum gemeet word teen die billike waarde daarvan minus koste van verkoop, behalwe in die geval wat in paragraaf .32 beskryf word, waar die billike waarde nie betroubaar gemeet kan word nie.**

- .15 Indien 'n entiteit 'n biologiese bate deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry, word die biologiese bate by aanvanklike erkenning en op elke verslagdoeningsdatum in ooreenstemming met paragraaf .14 gemeet.**

- .16 Landbouprodukte van 'n entiteit se biologiese bates wat geoes is, moet gemeet word teen billike waarde minus koste van verkoop op die punt waar dit geoes word. Sodanige meting is die koste op die datum wanneer die Standaard van AERP oor Voorraad of ander toepaslike Standaard van AERP toegepas word.**

- .17 Die bepaling van billike waarde vir 'n biologiese bate of landbouprodukt kan vergemaklik word deur die biologiese bates of landbouprodukt volgens beduidende eienskappe te groepeer; byvoorbeeld, volgens ouderdom of kwaliteit. 'n Entiteit kies die kenmerke wat met die kenmerke ooreenstem wat op die mark gebruik word as 'n grondslag vir prysberekening.
- .18 Entiteite gaan dikwels kontrakte aan om hul biologiese bates of landbouprodukt op 'n toekomstige datum te verkoop. Kontrakpryse is nie noodwendig toepaslik vir die bepaling van billike waarde nie, omdat billike waarde die huidige mark weerspieël waarin 'n gewillige koper en verkoper in 'n transaksie betrokke sal raak. As gevolg daarvan word die billike waarde van 'n biologiese bate of landbouprodukt nie aangesuiwer nie omdat daar 'n kontrak bestaan. In sommige gevalle kan 'n kontrak vir die verkoop van 'n biologiese bate of landbouprodukt 'n beswarende kontrak wees, soos in die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* omskryf word. Die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* is op beswarende kontrakte van toepassing.
- .19 Indien 'n aktiewe mark vir 'n biologiese bate of landbouprodukt bestaan, in die huidige ligging en toestand van die bate, is die gekwoteerde prys op daardie mark die toepaslike grondslag vir die bepaling van die billike waarde van daardie bate. Indien 'n entiteit tot verskillende aktiewe markte toegang het, gebruik die entiteit die mees toepaslike een. Indien 'n entiteit byvoorbeeld tot twee aktiewe markte toegang het, sou hy die prys gebruik wat bestaan op die mark wat hy na verwagting sal gebruik.
- .20 Indien 'n aktiewe mark nie bestaan nie, gebruik die entiteit een of meer van die volgende, indien beskikbaar, in die bepaling van billike waarde:
 - (a) die mees onlangse transaksieprys, mits daar nie 'n beduidende verandering in ekonomiese omstandighede tussen die datum van daardie transaksie en die verslagdoeningsdatum was nie.
 - (b) markpryse vir soortgelyke bates met aansuiwering om verskille te weerspieël; en
 - (c) sektormaatstawwe soos die waarde van 'n wingerd uitgedruk as uitvoerplathouer, boesel of hektaar en die waarde van beeste uitgedruk as kilogram vleis.
- .21 In sommige gevalle kan die inligtingsbronne wat in paragraaf .20 gelys is op verskillende gevolgtrekkings dui wat die billike waarde van biologiese bates of landbouprodukt betref. 'n Entiteit oorweeg die redes vir die verskille om die mees betroubare raming van billike waarde te bepaal binne 'n betreklik klein reeks redelike ramings.
- .22 In sommige omstandighede kan markbepaalde pryse of waardes moontlik nie vir 'n biologiese bate in sy huidige toestand beskikbaar wees nie. In hierdie

omstandighede gebruik 'n entiteit die huidige waarde of verwagte netto kontantvloei van die bate, teen 'n huidige markbepaalde koers verdiskonteer, in die bepaling van billike waarde.

- .23 Die doel van 'n berekening van die huidige waarde van verwagte netto kontantvloei is om die billike waarde van 'n biologiese bate in sy huidige ligging en toestand te bepaal. 'n Entiteit oorweeg dit om 'n toepaslike verdiskonteringskoers te beaal om te gebruik, en vir die raming van verwagte netto kontantvloei. In die bepaling van die huidige waarde van verwagte netto kontantvloei sluit 'n entiteit die netto kontantvloei in wat markdeelnemers sou verwag dat die bate in sy mees toepaslike mark sal genereer.
- .24 'n Entiteit sluit nie enige kontantvloei in vir die finansiering van die bates, belasting (waar van toepassing), of die hervestiging (byvoorbeeld, die koste van herplanting van bome in 'n plantasie ná oesinsameling) van biologiese bates ná oesinsameling nie.
- .25 In die ooreenkom oor 'n armlengtetransaksieprys oorweeg kundige, gewillige kopers en verkopers die moontlikheid van verskille in kontantvloei. Dit volg dat billike waarde die moontlikheid van sodanige verskille weerspieël. Dienooreenkomstig inkorporeer 'n entiteit verwagtinge oor moontlike verskille in kontantvloei hetsy in die verwagte kontantvloei, of in die verdiskonteringskoers, of die een of ander kombinasie van die twee. In die bepaling van 'n verdiskonteringskoers gebruik 'n entiteit aannames wat met dié ooreenstem wat in die raming van verwagte kontantvloei gebruik is om die uitwerking daarvan dat sommige aannames dubbel getel of geïgnoreer is te verhoed.
- .26 Kosprys kan soms na aan billike waarde kom, veral:
- (a) indien min biologiese transformasie plaasgevind het sedert aanvanklike koste aangegaan is (byvoorbeeld vir vrugteboomsaailinge wat onmiddellik voor die verslagdoeningsdatum geplant is); of
 - (b) indien die impak van die biologiese transformasie op die prys nie verwag word om beduidend te wees nie (byvoorbeeld, vir die aanvanklike groei in 'n 30-jaar-denneplantasiesiklus).
- .27 Biologiese bates word dikwels fisies aan die grond geheg (byvoorbeeld bome in 'n plantasie). Daar kan moontlik nie 'n afsonderlike mark wees vir biologiese bates wat aan die grond geheg is nie, maar 'n aktiewe mark kan vir die gekombineerde bates bestaan, dit wil sê, vir die biologiese bates, rou grond en grondverbeterings as 'n pakket. 'n Entiteit kan inligting met betrekking tot die gekombineerde bates gebruik om die billike waarde van die biologiese bates te bepaal. Die billike waarde van rou grond en grondverbeteringe kan byvoorbeeld van die billike waarde van die gekombineerde bates afgetrek word om die billike waarde van biologiese bates te bepaal.

Winste en verliese

- .28 'n Wins of verlies wat ontstaan op aanvanklike erkenning van 'n biologiese bate teen billike waarde minus koste om te verkoop en uit 'n verandering in billike waarde minus koste om te verkoop van 'n biologiese bate, moet ingesluit word in die surplus of tekort vir die tydperk waarin dit ontstaan het.**
- .29 'n Verlies kan by aanvanklike erkenning van 'n biologiese bate ontstaan omdat koste om te verkoop afgetrek word in die bepaling van billike waarde minus koste om te verkoop van 'n biologiese bate. 'n Wins kan by aanvanklike erkenning van 'n biologiese bate ontstaan, soos wanneer 'n kalf gebore word.
- .30 'n Wins of verlies wat by aanvanklike erkenning van landbouprodukt teen billike waarde minus koste om te verkoop ontstaan, moet ingesluit word in die surplus of tekort vir die tydperk waarin dit ontstaan het.**
- .31 'n Wins of verlies kan by aanvanklike erkenning van landbouprodukte ontstaan as gevolg van oesinsameling.

Onvermoë om billike waarde betroubaar te meet

- .32 Daar is 'n veronderstelling dat billike waarde vir 'n biologiese bate betroubaar gemeet kan word. Daardie aanname kan egter slegs by aanvanklike erkenning weerlê word vir 'n biologiese bate waarvoor markbepaalde pryse of waardes nie beskikbaar is nie en waarvoor daar vasgestel is dat ander ramings van billike waarde duidelik onbetroubaar is. In so 'n geval moet daardie biologiese bate teen die kosprys daarvan minus enige opgehoopte waardevermindering en enige opgehoopte waardedalingsverliese gemeet word. Sodra die billike waarde van so 'n biologiese bate betroubaar meetbaar raak, moet 'n entiteit dit teen die billike waarde daarvan minus koste om te verkoop meet.**
- .33 Die veronderstelling in paragraaf .32 kan slegs by aanvanklike erkenning weerlê word. 'n Entiteit wat voorheen 'n biologiese bate teen billike koste minus koste om te verkoop gemeet het, gaan voort om die biologiese bate teen billike waarde minus koste om te verkoop te meet totdat dit vervreem word.
- .34 'n Entiteit meet in alle gevalle landbouprodukte op die punt waar dit geoes word teen billike waarde minus koste om te verkoop. Hierdie Standaard weerspieël die siening dat die billike waarde van landbouprodukt by die punt waar dit geoes word, altyd betroubaar gemeet kan word.
- .35 In die bepaling van kosprys, opgehoopte waardevermindering en opgehoopte waardedalingsverliese oorweeg 'n entiteit die Standaarde van AERP oor Voorraad, Eiendom, Waardedaling van Kontantgenererende Bates en Waardedaling van Niekontantgenererende Bates.

Openbaarmakings

Algemeen

- .36 'n Entiteit moet die totale wins of verlies wat tydens die huidige tydperk by aanvanklike erkenning van biologiese bates en landbouprodukte ontstaan en die saamgevoegde wins of verlies van die verandering in billike waarde minus koste om te verkoop van biologiese bates openbaar maak.**
- .37 'n Entiteit moet 'n beskrywing van biologiese bates bied wat onderskei tussen verbruikbare en draende biologiese bates en tussen biologiese bates gehou vir verkoop en dit wat gehou word vir gratis verspreiding, of teen 'n nominale koste.**
- .38 Verbruikbare biologiese bates is die wat vir oes as landbouprodukte of vir verkoop of verspreiding deur 'n nie-uitruiltransaksie as biologiese bates gehou word. Voorbeelde van verbruikbare biologiese bates is diere en plante vir eenmalige gebruik, soos vee wat vir die produksie van vleis bedoel is, vee wat aangehou word om te verkoop, vis in visplase, gewasse soos mielies en koring, en bome wat vir hout gekweek word. Draende biologiese bates is daardie biologiese bates wat herhaaldelik of voortdurend vir meer as een jaar in 'n landbouaktiwiteit gebruik word. Draende biologiese bates is nie landbouprodukte nie, maar is eerder self-genererend. Voorbeelde van tipes diere wat draende biologiese bates is, sluit teeldiere (met inbegrip van vis en pluimvee), vee waarvan melk geproduseer word, en skape en ander diere wat gebruik word om wol te produseer in. Voorbeelde van tipes plante wat draende biologiese bates is, sluit bome, wingerde en bosse in wat aangeplant word vir vrugte, neute, sap, hars, bas en blaarprodukte en bome waarvan vuurmaakhout geoes word terwyl die boom agterbly.
- .39 Die openbaarmakings wat deur paragraaf .37 vereis word moet die vorm van 'n kwantitatiewe beskrywing aanneem. Die kwantitatiewe beskrywing kan met 'n narratiewe beskrywing gepaard gaan.
- .40 By die maak van die openbaarmakings wat deur paragraaf .37 vereis word, word 'n entiteit ook aangemoedig om tussen volwasse en onvolwasse biologiese bates te onderskei, soos toepaslik. Hierdie onderskeid verskaf inligting wat behulpsaam kan wees in die bepaling van die tydsberekening van toekomstige kontantvloei en dienspotensiaal. 'n Entiteit maak die grondslag openbaar vir enige sodanige onderskeid wat getref word.
- .41 Volwasse biologiese bates is dié wat oesbare spesifikasies bereik het (in die geval van verbruikbare biologiese bates) of in staat is om gereelde oeste te handhaaf (in die geval van draende biologiese bates).
- .42 Indien dit nie elders in die inligting wat saam met die finansiële state**

gepubliseer is openbaar gemaak word nie, moet 'n entiteit die volgende beskryf:

- (a) die aard van sy aktiwiteite wat elke groep biologiese bates behels; en*
 - (b) niefinansiële metings of ramings van die fisiese hoeveelhede van:*
 - (i) elke groep van die entiteit se biologiese bates teen die einde van die tydperk; en*
 - (ii) uitset van landbouprodukte gedurende die tydperk.*
- .43** *'n Entiteit moet die metodes en beduidende aannames openbaar maak wat in die bepaling van die billike waarde van elke groep landbouprodukte op die punt waar dit geoes word en elke groep biologiese bates toegepas is.*
- .44** *'n Entiteit moet die billike waarde minus koste om te verkoop van landbouprodukte wat gedurende die tydperk geoes is openbaar maak, soos bepaal op die punt waar dit geoes word.*
- .45** *'n Entiteit moet die volgende openbaar maak:*
- (a) die bestaan van biologiese bates en drabedrae van biologiese bates waarvan die titel beperk is en die drabedrae van biologiese bates wat in pand as sekuriteit vir aanspreeklikhede opgegee is;*
 - (b) die aard en omvang van beperkings op die entiteit se gebruik van biologiese bates of sy vermoë om biologiese bates te verkoop;*
 - (c) die bedrag van verpligtinge vir die ontwikkeling of verkryging van biologiese bates; en*
 - (d) strategieë vir die bestuur van finansiële risiko wat met landbouaktiwiteit verband hou.*
- .46** *'n Entiteit moet 'n rekonsiliasie aanbied van veranderinge aan die drabedrag van biologiese bates tussen die begin en die einde van die huidige tydperk. Die rekonsiliasie moet die volgende insluit:*
- (a) die wins of verlies wat uit verandering in billike waarde minus koste om te verkoop ontstaan, afsonderlik openbaar gemaak vir draende biologiese bates en verbruikbare biologiese bates;*
 - (b) stygings as gevolg van aankope;*
 - (c) stygings as gevolg van bates wat deur 'n nie-uitruiltransaksie verkry is;*
 - (d) dalings wat aan verkope toeskryfbaar is;*
 - (e) daling as gevolg van verspreidings deur 'n nie-uitruiltransaksie;*
 - (f) dalings as gevolg van oes;*
 - (g) dalings wat uit 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder algemene*

beheer of 'n samesmelting ontstaan;

- (h) *stygings as gevolg van 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer, 'n oordrag van funksies tussen entiteite nie onder gemeenskaplike beheer nie of 'n samesmelting.*
 - (i) *netto valutaverskille wat by die omskakeling van finansiële state na 'n ander aanbiedingsgeldeenheid, en by die omskakeling van 'n buitelandse bedrywigheid na die aanbiedingsgeldeenheid van die entiteit ontstaan; en*
 - (j) *ander veranderinge.*
- .47 Die billike waarde minus koste om te verkoop van 'n biologiese bate kan as gevolg van beide fisiese veranderinge en prysveranderinge op die mark verander. Afsonderlike openbaarmaking van fisiese en prysveranderinge is nuttig by die beoordeling van prestasie in die huidige tydperk en toekomsvooruitsigte, veral indien daar 'n produksiesiklus van meer as een jaar is. In hierdie gevalle word 'n entiteit aangemoedig om, per groep of andersins, die mate van verandering in billike waarde minus koste om te verkoop openbaar te maak wat by die surplus of tekort as gevolg van fisiese veranderinge en as gevolg van prysveranderinge ingesluit is. Hierdie inligting is oor die algemeen minder nuttig indien die produksiesiklus minder as een jaar is (byvoorbeeld, wanneer hoenders geteel word of graangewasse gekweek word).
- .48 Biologiese transformasie 'n aantal tipes fisiese verandering tot gevolg – groei, degenerasie, produksie en voortplanting – wat elkeen waarneembaar en meetbaar is. Elkeen van die fisiese veranderinge het 'n direkte verhouding met toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal. 'n Verandering in billike waarde van 'n biologiese bate as gevolg van oesinsameling is ook 'n fisiese verandering.
- .49 Landbouaktiwiteit word dikwels blootgestel aan klimaatstoestande, siektes en ander natuurlike risiko's. Indien 'n gebeurtenis wat lei tot 'n wesenlike item van inkomste of uitgawe plaasvind, word die aard en bedrag van die item in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* openbaar gemaak. Voorbeelde van so 'n gebeurtenis sluit 'n uitbreking van 'n virulente siekte, 'n oorstroming, 'n ernstige droogte of ryp en 'n insekteplaag in.

Addisionele openbaarmakings vir biologiese bates waar billike waarde nie betroubaar gemeet kan word nie

- .50 *Indien 'n entiteit biologiese bates teen hul kosprys minus enige opgehoopte waardevermindering en enige opgehoopte waardedalingsverliese meet omdat die billike waarde vir die biologiese bate nie teen die einde van die tydperk bepaal kan word nie (kyk paragraaf .32), moet die entiteit die volgende vir sodanige biologiese bates openbaar maak:*

- (a) 'n beskrywing van die biologiese bates;
 - (b) 'n verduideliking van hoekom billike waarde nie betroubaar gemeet kan word nie;
 - (c) indien moontlik, die reeks ramings waarbinne billike waarde hoogs waarskynlik lê;
 - (d) die metode van waardevermindering wat gebruik is;
 - (e) die nutsduur of die waardeverminderingskoers wat gebruik is; en
 - (f) die bruto drabedrag en die opgehoopte waardevermindering (saamgevoeg met opgehoopte waardedalingsverliese) teen die aanvang en einde van die tydperk.
- .51 Indien 'n entiteit tydens die huidige tydperk biologiese bates teen hul kosprys minus enige opgehoopte waardevermindering en enige opgehoopte waardedalingsverliese meet (kyk paragraaf .32), moet die entiteit enige wins of verlies wat erken word op vervreemding van sodanige biologiese bates openbaar maak en die rekonsiliasie wat deur paragraaf .46 vereis word, moet bedrae wat met sodanige biologiese bates verband hou afsonderlik openbaar maak. Verder moet die rekonsiliasie die volgende bedrae insluit, wat in surplus of tekort ingesluit is wat met daardie biologiese bates verband hou:**
- (a) waardedalingsverliese;
 - (b) terugskrywings van waardedalingsverliese; en
 - (c) waardevermindering.
- .52 Indien die billike waarde van biologiese bates wat voorheen teen hul kosprys minus enige opgehoopte waardevermindering en enige opgehoopte waardedalingsverliese gemeet is tydens die huidige tydperk betroubaar meetbaar word, moet 'n entiteit die volgende vir daardie biologiese bates openbaar maak:**
- (a) 'n beskrywing van die biologiese bates;
 - (b) 'n verduideliking van hoekom billike waarde betroubaar meetbaar geword het; en
 - (c) die uitwerking van die verandering.
- .53 Die oorgangsbepalings wat deur entiteite by die aanvanklike aanname van hierdie Standaard toegepas moet word, word in 'n lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet in samehang met elke toepaslike lasgewing gelees te word.**

Wysigings aan Standaarde van AERP

- .54 Paragraaf .07, .08, .19, .22, .23, .37, .38, .40, .45 en .46 is gewysig deur die Verbeterings aandie Standaarde van AERP wat op 1 April 2012 uitgegee is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings vooruitwerkend toepas.*
- .55 Enige ander wysigings aan die Standaarde van AERP moet terugwerkend toegepas word in ooreenstemming met die Standaarde van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderings in Ramings en Foute.*

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van Standaarde van AERP

- .56 'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, gepubliseer sal word..*

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .57 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2013 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie Standaard toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2013 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Herroeping van die Standaard van AERP oor Landbou (2006)

- .58 Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor Landbou wat in 2006 uitgegee is.*

Vergelyking met International Public Sector Accounting Standard oor Agriculture (Desember 2009)

Die Standaard van AERP oor Landbou (AERP 27) is hoofsaaklik ontleen aan die International Public Sector Accounting Standard oor Agriculture (IPSAS 27). Die belangrikste verskille tussen AERP 27 en IPSAS 27 is soos volg:

- Die omvang van AERP 27 verskil van IPSAS 27 in dié opsig dat regeringsondernemings anders omskryf word.
- IPSAS 27 beskryf die reswaarde van totale bates ná die aftrekking van totale laste as “netto bates/ekwiteit”, terwyl AERP 27 na “netto bates” verwys.
- Tradisionele bepalinge wat toepaslik is vir hierdie Standaard van AERP word anders behandel as in IPSAS 27.
- Die Bylae by IPSAS 27 is nie by AERP 27 ingesluit nie omdat dit nie op die Suid-Afrikaanse openbare sektor van toepassing is nie.